

Wie en wat is SatAgro?

SatAgro kombineer satelliet beelde en weerkundige inligting deur gebruik te maak van die beste beskikbare tegnologiese gereedskap. Ons het 'n maklik-om-te-gebruik, bekostigbare presisie boerdery en gewas bestuur fasiliteit geskep.

Ons gebruik hoogs toeganklike data vanaf gratis beskikbare bronne insluitend NASA, die Europese Ruimte Agentskap en die Wêreld Meteorologiese Organisasie. Verder werk ons ook met kommersiële verskaffers soos Planet Labs.

Met SatAgro geniet u deurlopende monitoring van gewas ontwikkeling. Volg die invloed van die weer en u insette, doen self presisie behandelings, en analiseer u geskiedkundige data en vorige benaderings. Met voorskrif kaarte wat presies aangepas is by u behoeftes, kan u saai, bemes en strooi met vertroue, voordeel trek uit outomatiese kennisgewings om u te waarsku van skielike veranderinge in weer en plant gesondheid. Ontgin die ware potensiaal van u landerye, bespaar op kunsmis en plant beskermings produkte – en boer meer volhoubaar.



Verkry toegang tot u SatAgro rekening deur 'n veelsydige web toepassing op persoonlike rekenaar soekenjins. Om u daaglikse landery of boord besoeke te vergemaklik, kan u ook die Android mobiele toepassing gebruik om met u satelliet data en die toestel se geo-lokasie en navigasie vermoë probleem areas te identifiseer en te besoek.

Kontak SatAgro:

✉ office@satagro.co.za

🐦 @satagroEN

f satagro

www.satagro.co.za

Kontak Southern Mapping:

Nic Badenhorst

Landbou Toepassings Spesialis

D: +27 44 150 0004 | M: +27 82 782 0533

nic@southernmapping.com

www.southernmapping.com

Belangrike vrae

Hoe vergelyk satelliet monitoring met ander metodes van gewas monitoring?

Satelliet monitoring vergelyk goed met ander hulpmiddels soos hommeltuie of grond-gebaseerde stelsels, waarvan ons gereelde data integreer in ons gebruiker rekening. Maar satelliete bied twee belangrike voordele: bekostigbaarheid en eenvoudige, oorhoofse dekking van die hele plaas op een slag. As ideale basis vir baie presisie toepassings, bied ons satelliet kaarte u selfs die geleentheid om alternatiewe behandelings te meet en te vergelyk alvorens 'n finale besluit geneem word.

Waarom veranderlike dosisse?

Onvanpaste of onakkurate gebruik van landbou chemikalieë kan 'n boerdery se winsgewendheid en die omgewing se gesondheid ernstig benadeel. Maar met die SatAgro toedienings kaart is dit moontlik om dieselfde hoeveelheid insette meer doeltreffend aan te wend, of om dosisse te verminder sonder dat dit lei tot verlies in opbrengs of verlaging in chemiese doeltreffendheid.

Word satelliet waarnemings aangebied op 'n deurlopende basis?

Jaar na jaar, bied ons beelde aan afkomstig van meer en meer satelliete. Twee faktore beïnvloed data beskikbaarheid: satelliet tipe en wolk bedekking. In praktyk, verskaf ons ten minste 12 kaarte gedurende die seisoen (potensieel 'n beeld elke 5 dae). Satelliet oorvlug datums word gelys op die SatAgro paneelbord. SatAgro Premium verskaf verder kommersiële data, meer gereelde opdatings en hoër beeld resoluë.

Hoe ondersteun SatAgro kliënte in die interpretasie van satelliet data?

Deur direkte kontak met ons kliënte, verskaf ons bystand met die aanwending en interpretasie van die data – skep van toedienings kaarte byvoorbeeld. Besoek ons sosiale media en blog vir die jongste presisie boerdery inhoud.

Kan ek SatAgro data en lêers gebruik met die huidige sagteware en toerusting wat ek het?

Alles wat u skep met behulp van die diens kan uitgeskryf word in industrie standaard formaat. Dit is van groot belang veral vir toedienings kaarte vir presisie toediening. SatAgro lêers is versoenbaar met spreiers, strooiers en terminale van leier vervaardigers, insluitende John Deere, Trimble, Topcon, Amazone en ander. As u John Deere toerusting op u plaas gebruik, kan u selfs SatAgro integreer met u MyJohnDeere rekening en lêers oor die lug stuur na u toerusting in die landerye.



SatAgro
Landbou
presies vir jou

**Satelliet waarneming:
hoër inkomste gewasse**



SOUTHERN MAPPING
A WOOLPERT COMPANY



Voortdurende monitoring – op-datum oorsig van gewas toestand en variasie, vanaf saai tot oes.



Voorskrif kaarte – elektroniese dosering lêers, wyd versoenbaar met meeste vervaardiger stelsels, geïntegreer met MyJohnDeere. Lêer formate: .shp, ISOXML en ander.



Grond opnames – optimisering van die beste punt opname plasing volgens satelliet data, gereedskap om lab resultate om te skakel na veranderlike toediening kaarte.



Geskiedkundige data – uitgebreide argief van satelliet beelde, grafiese tydreeks (gewas groei, temperatuur, reënval) tot 2002.



Dagboek – maklik-om-te-gebruik dagboek om boek te hou met gewas geskiedenis, behandelings, uitgawes. Vertoon inligting op grafieke vir gelyktydige vergelyking met weer en satelliet data.



Alarms – outomatiese kennisgewings – word gewaarsku as 'n gegewe veranderlike vooropgestelde vlakke bereik.



Vog tekorte en besproeiing – volg reënval en grond vog tekorte, optimaliseer besproeiing. Bepaal droogte impak.



Weer voorspelling – maklike toegang tot huidige weerstoestande en voorspelling.



Opbrengs data – gebruik lang-termyn produktiwiteit data om bestuursones op landeryvlak te skep en opbrengs modellering vir primêre gewasse te doen.



Kliënte ondersteuning – hulp met interpretasie en toepassing van SatAgro inligting in die landery



Maklike data invoer en uitvoer – grond data, sensors, outomatiese weerstasies, ens. Voer satelliet en weer data uit in standard formate.



- 1 Kaart area** – neem variasie in gewas ontwikkeling waar binne die gekose landery, en kry insig tot die langtermyn eienskappe van die landery, soos grond en vog dinamika.
- 2 Kaart waarde** – in die mobiele toepassing, stem hierdie waarde ooreen met die **gebruiker** se **posisie in die landery**, wat dit 'n kragtige hulpmiddel maak vir die inwerkingstelling van presisie boerdery.
- 3 Grafiek area** – inligting van die gewas toestand en weer tydreeks (Groei Graad Dae) terug tot 2002.
- 4 Vertikale lyne** op die tydlyn dui **gebeure** aan – of geskep binne SatAgro, of bygevoeg deur die gebruiker – soos saai, bemesting, oes, beskikbare satelliet beelde.

- 5 Horisontale lyne** dui **alarms** aan, bv. temperatuur bereik vries-risiko vlakke, gewas bereik spesifieke vlak van ontwikkeling.
- 6 Gebruik die Presisie Behandeling Hulpmiddel** om veranderlike toediening kaarte vanaf individuele satelliet beelde te skep. Bepaal sones, peile en ander maatstawwe vir strooi, bemesting en spreid van insette.
- 7 Kies die data om te vertoon** – bepaal die tipe satelliet (bedryf deur NASA, ESA, of kommersiële verskaffer), tipe inligting of datum van beeld opname – om die data wat vertoon word te kies. Buiten satelliet data, kan die gebruiker sy eie data invoer (opbrengs kaarte, grond ontledings, ens.)
- 8 Vergelyk modus** – kies hierdie opsie om maklike vergelykings te tref tussen verskillende landerye, data bronne en datums, bv. 'n toedienings kaart en die satelliet beeld waarvan dit geskep is.